

Sabbat of Sondag – Francois Malan

Franco vra:

In sy antwoond skryf hy dat “By die skepping het God die Sabbat as gawe aan die mens gegee, nie as ‘n wet nie...”

Waar kom prof Francois Malan aan die stelling want volgens Eksodus 20: 9-11 (Die 10 gebooie) verstaan ek dit anders. Help asseblief.

Ek verstaan ook nie die sewende dag as ons eerste dag nie... Hoe werk dit en waar in die Bybel staan dit..Ek kort hulp ..

Antwoord:

Prof Francois Malan antwoord:

Vraag 1: *“By die skepping het God die Sabbat as gawe aan die mens gegee, nie as ‘n wet nie...volgens Eksodus 20: 9-11 (Die 10 gebooie) verstaan ek dit anders.”*

Vergelyk Jesus se verklaring van die Sabbat: ‘Die Sabbat is gemaak vir die mens en nie die mens vir die Sabbat nie, daarom is die Seun van die Mens Here, óók van die Sabbat (Markus 2:27-28). Die passiewe vorm van die werkwoord ‘is gemaak’ impliseer dat dit God is wat die Sabbat vir die mens gemaak het om gereeld op dié dag sy daaglikse arbeid te onderbreek; en dit te heilig beteken dat die mens homself op die dag spesiaal aan die Here en sy diens sal wy. Volgens Jesus se uitspraak dat Hy die Here is wat die seggenskap oor die Sabbat het en oor al die dae van die week, soos geïmpliseer in ‘óók,’ beteken dit dat dit ‘n dag is wat Hy elke week aan ons skenk om ons daaglikse werk te onderbreek en ons aan Hom te wy.

Volgens Genesis 2:3 het God die sewende dag geseën en

geheilig. Die seën van die dag wat God vir die mens gee is dat God met die mens gemeenskap wil hou, om saam met God fees te vier, en ons met sy liefdeswoord te versterk vir die week wat voorlê se arbeid. Eers dankbaar saam met God feesvier om van sy skepping en sy woord te geniet en daardeur versterk te word vir werk in sy tuin; eers vryheid en dan arbeid; eers die vrde van God geniet en dan die stryd van die week aan te pak.

Dat God die dag geheilig het beteken dat die Here die dag vir Hom opeis as sy dag, die dag van die Here, waarop Hy die mens wil beskerm, en ongestoord met hom wil praat, en van sy genade en liefde wil oortuig (vgl. Eks 34:5-7).

Volgens Deuteronomium 5:15 is dit om ook ons werksmense die rus te gun. In Deutr. 5:15 herinner die Here die Israeliete dat hulle in Egipte slawe was wat sewe dae 'n week moes werk en dat die Here hulle met sy groot krag en magtige daede daaruit bevry het. Daarom het Jesus die Sabbat verander van 'n wet na 'n geskenk van God aan die mensdom soos dit van die begin af was.

In Markus 3:4 daag Jesus die Fariseërs uit met die vraag: 'Is dit toelaatbaar om op die Sabbat goed te doen of sleg te doen, om 'n lewe te red of dood te maak?' Toe maak hy die man met die verdorde hand daar in die sinagoge gesond en die Fariseërs gaan uit en begin dadelik op die Sabbat planne beraam om Hom dood te maak. Sommige van die Fariseërs het ook gesê 'Hierdie man kom nie van God nie, want hy hou nie die Sabbat nie,' en dit omdat Hy die blindgebore man op die sabbatdag genees het (Johannes 9:16).

Net voor Jesus se verklaring in Markus 2:33-38 (ook in Lukas 6:1-5) dat Hy die Here is oor die Sabbat, het Jesus twee gelykenisse vertel om te verduidelik dat Hy met 'n nuwe lewenswyse en gebruike kom, en dat jy nie 'n nuwe lap op 'n ou kledingstuk kan werk nie, en nie nuwe wyn in ou leersakke kan gooi nie (Markus 2:18-22; Lukas 5:37-39). Hebreërs 8:8-13 praat van die nuwe verbond die Here, wat die verouderde

wettiese verbond van Eksodus 20 wat by Sinai met hulle gesluit is, vervang omdat Israel dit verbreek het. En wat verouderd verklaar en afgeleef, is naby aan verdwyning. In die nuwe verbond gee die Here sy wette in ons verstand en graveer dit op ons harte dat Hy ons God is en ons sy volk. Dit is die Here se verbond van genade om nie meer aan ons sondes te dink nie. Paulus sê: As ons op grond van die wet vrygespreek wil word, is ons van Christus afgesny en verbeur ons die genade van God (Galasiërs 5:5).

Vraag 2. *'Ek verstaan ook nie die sewende dag as ons eerste dag nie... Hoe werk dit en waar in die Bybel staan dit..Ek kort hulp ..'*

Die woord sabbat beteken eintlik 'ophou,' en Genesis 2:2 se digvorm kan eintlik vertaal word met:

En op die sewende dag was God klaar

met die taak wat Hy verrig het;

en op die sewende dag het Hy opgehou

met die hele taak wat Hy verrig het.

Dan beteken dit dat God nie ophou werk het op die sewende dag nie, maar dat Hy met die skeppingstaak opgehou het. Daarom kan Jesus in Johannes 5:17 sê: 'My Vader is tot nou toe steeds aan die werk, en Ek is ook aan die werk.' Dit het Hy gesê as regverdiging vir sy genesing van die siek man by die bad van Betesda op die Sabbat.

Die Here het volgens Genesis 2:2 op die sewende dag opgehou met al sy skeppingswerk, en die dag daarom geseën en dit geheilig (Genesis 2:2-3). God het die mens aan die einde van die sesde dag gemaak (Gen 2:24-31). Daarom was God se sewende dag die eerste dag van die mens se lewe op God se aarde, die dag wat deur die Here geseën is en aan God gewy is. Ná die

mens se eerste dag, op die dag toe God opgehou het met sy skeppingstaak, het die mens uit dankbaarheid vir ses dae gaan werk, om die tuin wat die Here vir die mens gemaak het te bewerk en op te pas (Gen 2:8,15).

Jesus is op Sondagmôre uit die dood opgewek en het op dié eerste dag van die week reeds aan sy dissipels verskyn (Matteus 28:1; Markus 16:1-6; Lukas 24:1-7; 13-40; Johannes 20:1,2,19). Die christene het die opstandingsdag van Jesus die 'dag van die Here' genoem (Openbaring 1:10). Volgens Handeling 20:7 en 1 Korinthiërs 16:2 het die gelowiges op die eerste dag van die week, op Sondag, bymekaargekom vir hulle gemeenskaplike maaltyd en nagmaal.

Die woord Pinkster kom van die Grieks vir 50 (pentekoste). Op die vyftigste dag na Paasfees het die Jode hulle dankfees vir die oes gehou, die dag na die sewende Sabbat vanaf die fees van die eerstelinge (Levitikus 23:15-16). Op die vyftigste dag, op Sondag, is die Heilige Gees uitgestort en het die kerk eintlik begin funksioneer as 'n gemeenskap van gelowiges in Christus Jesus onder die leiding van die Heilige Gees (Hand.2:1-4).

Wanneer Paulus in 'n stad by die Jode begin met sy sendingwerk, gaan hy na die sinagoge op 'n Sabbatdag (Handeling 13:14-15), maar vir die gelowige gemeentes preek hy op Sondag (Handeling 20:7). Aan die bekeerlinge uit die nie-Jode het Paulus nie die onderhouding van die Sabbat verkondig nie, hoewel hy Christene wat nog die Sabbat hou nie veroordeel nie (Romeine 14:1,5-6, hoewel hy hulle as swak in die geloof beskou; ook Kolossense 2:16-17, wat egter ook sê dat die Sabbat 'n skaduwee is van dit wat aan die kom was, maar die werklikheid is Christus). Eintlik verkondig Paulus vryheid van die Joodse wette en gebruik soos die Sabbat, vasdae, feesdae en -jare, en 'n lewe wat aan Christus verbind is (Galasiërs 4:9-11; Romeine 14:8-9). By die vergadering van apostels en gelowiges in Jerusalem is die onderhouding van die Sabbat nie een van die vier dinge wat hulle onder leiding van

die Heilige Gees van die bekeerlinge uit die nasies gevra word nie (vgl. Handeling 15:28-29).

In Kolossense 2:16-17 reageer Paulus teen die dwaalleraars wat o.a. die onderhouding van die Sabbat as 'n maatstaf van ware godsdienstigheid vereis. Paulus beskou dit as 'n skaduwee van Christus wat sou kom, en dat dit nou die betekenis van Christus verduister. Die voorskrifte en gebooie van die Ou Testament was die skaduwee wat die buitelyne van Christus vertoon het. Maar nou het Hy gekom, en moet ons nie langer aan die skadubeeld vashou nie, maar in liefde en dankbaarheid saam met Hom en vir Hom lewe (vgl. ook Hebreërs 8:5-6,13 wat sê dat die ou verbond met sy wette vervang is deur die nuwe verbond van genade wat Christus gebring het).

Skrywer: [Prof Francois Malan](#)

Die oue weerklink in die nuwe: Die Skepping (3) – Jan van der Watt

Ons gaan verder met ons bespreking van die skepping. Twee punte vra nog 'n bietjie kommentaar:

1. i) Soos ons gesien het, word die gedagte van die skepping in die Nuwe Testament gebruik om te bewys dat Jesus werklik die Een is wat van die ware Skeppergod af kom. Hy verteenwoordig en openbaar daardie God op aarde (Joh 1:18). Dit was vir die vroeë Christene belangrik, want so kon hulle bewys dat hulle nie 'n nuwe onbekende god aanbid waarvan niemand nog ooit gehoor het nie, maar dat hulle godsdienste die ware godsdienste is wat op die

lewende Skeppergod teruggaan.

Om die impak hiervan te verstaan moet ons beseef dat in die tyd van die Nuwe Testament alle nuwe dinge, veral nuwe godsdienste, baie skepties bejeën is. Veral die Romeinse regering was nie positief oor nuwe godsdienste en bewegings nie, want waar kom dit nou skielik vandaan? Ou, beproefde godsdienste het al die toets van die tyd deurstaan en kan aanspraak maak op egtheid en waarheid. Deurdat die Christendom dus kom wys dat hulle geloof in Jesus teruggaan op die Skeppergod self, met ander woorde, na die heel begin, het baie outensiteit en gesag aan hulle boodskap verleen.

1. ii) Die gedagte van God wat lewe gee het ook sterk teologiese implikasies. God is die God van lewe. Dit beteken dat wat 'nie lewe' is nie, is nie van God nie. Daarom is die dood gesien as iets wat teenoor God staan, want dit staan teenoor die lewe. Sonde is ook aan die dood verbind, want sonde is mos optrede teen God. Met die sonde en die dood wat so verbind is, kon Paulus in Romeine 6:23 sê: *Die loon wat die sonde gee, is die dood; die genadegawe wat God gee, is die ewige lewe in Christus Jesus ons Here.*

Hier kan gesien word hoe lewe met redding verbind word. Jesus red deur lewe te gee. In die sin kan dus gesê word dat redding eintlik her-skepping is, die lewend maak van dit wat dood was: *Wie in die Seun glo, het die ewige lewe; wie egter aan die Seun ongehoorsaam is, sal die lewe nie sien nie, maar die straf van God bly op hom (Joh 3:36) en Soos die lewende Vader My gestuur het, en Ek deur Hom lewe, so sal hy wat My eet, ook deur My lewe (Joh 6:57).* Die lewende God wat deur Jesus skep, herskep ook deur Hom, met ander woorde, dit wat deur die sonde doodgegaan het, word weer deur die Skepper lewend gemaak. Dit is presies wat Paulus in Kol 1:19-20 wil sê: *God het besluit om met sy volle wese in Hom te woon en om deur Hom alles met Homself te versoen. Deur die bloed van sy Seun aan die kruis*

het Hy die vrede herstel, deur Hom het Hy alles op die aarde en in die hemel met Homself versoen.

Geen wonder nie dat redding soms beskryf word in terme van gelowiges wat 'n nuwe skepsel word (1 Kor 5:17; Gal 6:15; Op 21:5): *Iemand wat aan Christus behoort, is 'n nuwe skepsel; die oue is verby, die nuwe het gekom.* Jesus kan dus herskep omdat Hy ook Skepper is. In hom is die skepperkrag aanwesig wat ook beteken dat Hy ook die krag het om te herskep.

Volgende keer gaan ons na Adam, die vader van almal, kyk.

Die oue weerklink in die nuwe: Die Skepping (2) – Jan van der Watt

In die vorige artikel het ons gekyk na God wat skep. Hy staan bo die skepping uit en moet daarvan onderskei word.

Vir die Nuwe Testament is baie belangrik dat die God wat geskep het, dieselfde God is wat mense deur Jesus leer ken. Omdat Jesus die sentrale figuur in die Nuwe Testament is, is dit baie belangrik om die kontinuïteit tussen die God van die Ou Testament en Jesus van die Nuwe Testament te beklemtoon. Luister hoe vertel Paulus aan al die slim en geleerde mense in Atene wie die ware God is: ²⁴*God, wat die wêreld met alles wat daarin is, maak het, hý is die Here van hemel en aarde, en Hy woon nie in tempels wat deur mense maak is nie.* ²⁵*Hy het ook nie nodig dat mense Hom versorg nie. Inteendeel, dit is Hy*

wat aan almal lewe en asem en alles gee. ²⁶Uit een mens het Hy al die nasies gemaak. Hy het hulle gemaak om oor die hele aarde te woon. Hy het bepaal hoe lank hulle sal bestaan en waar hulle sal woon. ²⁷God het hulle gemaak om Hom te soek, al sou hulle ook moes rondtas om Hom te vind (Hand 17:24-27). Die ware God is die Skeppergod wat van niemand iets nodig het nie, maar van wie almal afkanklik is. Hy is die een wat bepaal wat met nasies gebeur en na wie nasies moet soek. Dit is die einste God wat ons in Jesus ontmoet; dit is Hy wat Jesus lewe gegee het, omdat Hy die God van lewe is: *As bewys daarvan vir almal, het Hy Hom (Jesus) uit die dood laat opstaan* (Hand 17:31).

In die Nuwe Testament kom daar 'n belangrike element by. God skep nie alleen nie, maar Hy skep deur Jesus. Dit beteken dat Jesus dieselfde kwaliteite as God vertoon. Hy is ook verhewe bo die skepping (pre-eksistent) en Hy verteenwoordig ook al die ware egte kwaliteite van liefde, waarheid, omdat Hy alles gemaak het. Hy hou ook alles in stand. Kyk hoe stel Paulus dit: *Die Seun is die beeld van God, van God wat self nie gesien kan word nie. Die Seun is die Eerste, verhewe bo die hele skepping. God het deur Hom alles geskep wat in die hemel en op die aarde is: alles wat gesien kan word en alles wat nie gesien kan word nie, konings, heersers, maghebbers, gesagvoerders. Alles is deur Hom en vir Hom geskep. Voor alles was Hy al daar, en deur Hom bly alles in stand* (Kol 1:15-17). Daarmee bedoel Paulus nie dat God nie meer by die skepping betrokke is nie, maar Jesus as sy Seun deel word van die proses. Dit beklemtoon Paulus in 1 Kor 8:6: *Daar is nogtans vir ons net een God: die Vader, uit wie alles is en vir wie ons lewe; en net een Here: Jesus Christus, deur wie alles bestaan en deur wie ons lewe.* Dit herinner ons nogal aan Spreuke 8:22-31 waar die Wysheid vertel hoe sy teenwoordig was toe God alles gemaak het. God en Jesus het inderdaad 'saam' gewerk aan die totstandkoming van die Skepping.

Johannes sluit hierby aan: *In die begin was die Woord daar, en die Woord was by God, en die Woord was self God. Hy was reeds in die begin by God. Alles het deur Hom tot stand gekom: ja, nie 'n enkele ding wat bestaan, het sonder Hom tot stand gekom nie* (Joh 1:1-3). Op die manier word die band tussen God en Jesus onlosmaaklik bevestig. God en Jesus kan nie geskei word nie. Wat dus in die Nuwe Testament gelees word, word op die intieme verhouding tussen Jesus en God gebou. Wat Jesus dus doen en sê kom regtig van God af.

In die volgende artikel gaan ons die artikels oor die skepping afsluit.

Die oue weerklink in die nuwe: Die Skepping (1) – Jan van der Watt

Na die inleiding gaan ons nou spesifiek na die skepping kyk.

1. a) Die Skepping

Alles het begin by die skepping. Van daaruit moet alles wat 'is', verstaan word. Daarom speel die skepping 'n belangrike rol in die Nuwe Testament. Dit verklaar ook baie van die voortgang van die Ou Testament in die Nuwe.

God skeep en so ook Jesus

Waar kom die aarde en alles vandaan? God het dit gemaak (Gen

1-2). Hy is dus die Gewer van alle lewe op die aarde en onderhou dit ook. Lewe het sy oorsprong by Hom. Maar as Skepper staan Hy ook *buite* die skepping – Hy is nie deel daarvan nie. Voor die skepping daar was, was Hy al daar (die tegniese term is Hy is pre-eksistent). Dit is belangrik, omdat dit onderstreep dat Hy as God bo die skepping uitstaan en van die skepping onderskei moet word, byna soos die pottebakker van die klei onderskei moet word. Daarom is God in sy karakter en kwaliteite anders as mense, verhewe bo hulle. Omdat Hy die begin van alles is, is Hy ook die kriterium en maatstaf van alles. Ware liefde is die liefde soos God dit bedoel het, ware lewe is lewe soos God dit gee, ware reinheid is soos God dit bedoel. Immers, alles wat God gemaak het, is goed (Gen 1:31). Daarom vra gelowiges in die Ou en Nuwe Testament altyd na wat God wil. Om iets te doen soos God dit bedoel het, is om dit te doen soos dit waarlik reg en eg is.

So gesien het die skeppingsverhaal dus 'n ryk boodskap met baie implikasies vir mense. Omdat dit so sentrale deel van die boodskap oor God is, hoor mens dit oor en oor terug in die Nuwe Testament. Daarna gaan ons volgende keer kyk.